**Die Here daal neer op Sinai**

**Eks 19:9-25**

**5 Mei 2024**

1. Vantevore: Die volk het by Sinai aangekom. Die Here se boodskap aan Moses tydens eerste besoek op die berg: (1) Die Here het die volk op arendsvlerke na Hom gebring (2) Die volk moet na die Here luister en verbond nakom (3) Die Here sal hulle Sy kosbaarste besitting maak, 'n koninkryk van priesters maak, 'n heilige nasie maak.
2. Moses se tweede ontmoeting met die Here op die berg (Eks19:8b-15)
    a. Moses neem die antwoord van die volk na die Here (8b)
    b. Die Here gaan met Moses praat – sodat die volk kan hoor, en hulle Moses kan vertrou (v9) – Moses as tipe van Jesus (Joh 17:8)
    c. Doel van tweede besoek: die volk moet hulle voorberei vir komende besoek van die Here (v10-11) – die volk moet hulle heilig:
        - V12-13: Die volk moes grens om die berg afbaken.
            - As iemand die grens oorsteek, moes hy doodgemaak word
            - Afstand tussen die Here en die volk – vgl: Voor sondeval, intieme gemeenskap (Gen 3:8), Na sondeval, uit tuin gestuur, dus afstand (Gen 3:24)
        - V10,14: Die volk moes hulle klere was
            - Skoon klere pas by ontmoeting met die heilige God – maar is nie effektief nie
            - Tema van klere: Voor sondeval: naak, nie skaam nie (Gen 2:25), na sondeval: naak en skaam (Gen 3:7), die Here gee klere van vel (Gen 3:21), by Sinai definieer die Here hoe klere moet lyk, by bruilofsmaal van die Lam dra gelowiges die klere van geregtigheid (Op 19:8)
        - V15: Die volk moes hulle van geslagsgemeenskap weerhou
            - Geslagsgemeenskap binne die huwelik is goed (Gen 2:24)
            - Tydens geslagsgemeenskap is volle fokus op huweliksmaat
            - Volle fokus moet nou op die Here wees (vgl 1 Kor 7:5)
3. Die Here daal op die berg neer (Eks 19:16-19)
    a. Derde dag: donderslae, weerlig, swaar wolk, ramshoring, rook, berg bewe, die volk bewe – en die Here daal in vuur neer (vgl Op 4:5, 11:19)
    b. Vuur: Dui op die Here se heiligheid (swaard wat vlam en flikker – Gen 3:24; oond wat rook, fakkel van vuur – Gen 15:7, brandende doringbos – Eks 3:5)
        - Heiligheid van die Here is uitsluitend en lewens bedreigend vir sondaars
    c. Wolk: Leiding van die Here (Eks 13:21-22), heerlikheid van die Here (Eks 40:34)
4. Moses se derde ontmoeting met die Here op die berg (Eks 19:20-25)
    a. Moses moet die volk weer gaan waarsku om nie teen die berg op te klim nie
5. "Toe het God al hierdie woorde gespreek..." (Eks 20:1) – al bogenoemde lei tot aankondiging van die wet
6. Toepassings
    a. Het jy goeie besef van die Here se heiligheid en heerlikheid?
    b. Hoe berei jy voor vir erediens?
    c. Onthou wat alles aanleiding gegee het tot "Toe..." (Eks 20:1)